

Gepubliseer op:

# Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

[www.enigstetroos.org](http://www.enigstetroos.org)



# Die geboortegesiedenis van Isak

---

## *Reeks preke oor die openbaring van die HERE se verbond en uitverkiesing in die geboortegesiedenis van Isak*

**Dr AH Bogaards**

**2013**

**Preek 7**

Lees: Gen.32

Teks: Gen.32:1-2

Datum: 24 Februarie 2013

Psalms: 34:1,2; Geloofsbelydenis; 34:3,4; 46:1,3; 46:5,6

### **1. Inleiding**

In Genesis 25 word vertel dat Jakob en Esau teen mekaar gestoot – teen mekaar gestamp, gebots het - het in Rebekka se moederskoot. Daardie vreemde verskynsel was 'n openbaring van God oor die lewe van die twee broers: Tussen Jakob en Esau sou daar 'n voortdurende stryd wees. Hierdie oorlog sou ook voortgesit word in hulle nasate: die volk Israel en die volk Edom.

Om iets van hierdie stryd te verstaan, moet ons beseft: Dit is geen gewone oorlog was nie. Hier word van 'n geestelike oorlog, van 'n sataniese stryd teen God en sy volk gewag gemaak. Dit is 'n voortsetting van die stryd van Genesis 3 vers 15: die slangesaad teen die Vrouesaad.

In ons teksverse van vandag kom ons in verband met hierdie stryd op iets heel opvallends af: Dit is 'n oorlog waarin óók engele 'n besondere rol speel. Daarom wil ek in hierdie preek stilstaan by die volgende gedagte: ***die stryd Jakob-Esau en die engele van die HERE.***

In hierdie verband kyk ons na die volgende punte:

1. Jakob, die engele en Esau
2. Christus, die engele en Esau
3. Die Nuwe Testamentiese kerk, die engele en Esau

## 2.1. Jakob, die engele en Esau

In Genesis 32 sien ons Jakob op pad terug na Kanaän met sy gesin. Ons kan gerus sê: Die kerk is op pad na die land wat die HERE aan hulle beloof het.

Vir Jakob was dit egter 'n spanningvolle terugtog, want sy boodskappers het aan hom die skokkende berig gebring: *Ons het by u broer Esau gekom, en hy trek u alreeds tegemoet en vierhonderd man saam met hom* (v.6). Dit was nou allermins 'n gerusstellende tyding. Jy trek immers nie iemand met vierhonderd krygers tegemoet as jy hom goedgesind is nie. Tussen die reëls deur kan ons dus die vyandige bedoelings van Esau lees: Nou het die dag van afrekening gekom, die dag van wraak, omdat Jakob sy eersgeboortereg hom ontroof het. Dit is daarom geen wonder dat Jakob baie bevrees en benoud geword het by die hoor van hierdie onheilstyding nie (v.7). Sy lewe en die voortbestaan van die kerk word hier baie ernstig bedreig.

**Maar nog vóór** die ontvangs van die onheilstyding en die ontmoeting met Esau vind daar 'n ander ontmoeting plaas: *...die engele van God het hom (Jakob) ontmoet*. Toe Toe Jakob hulle sien, was sy reaksie: hulle sien, sê Jakob: *Dit is 'n leër van God! En hy het die plek Mahanáim genoem*.

Dit is opvallend: Jakob kry hierdie ontmoeting **nog vóór** die ontvangs van die onheilstyding en die ontmoeting met Esau. Dit is sonder twyfel 'n openbaring van God om Jakob voor te berei op die berig en ontmoeting met sy broer. Die Godsopenbaring moet hom gerusstel.

Ons kan ook verder nie andersnie as om hierdie ontmoeting te sien in die lig van die droom wat Jakob jare tevore by Bet-el gehad het nie. Toe het hy ook engele gesien wat teen 'n trap op en af beweeg het. Bo-aan die trap het die HERE self gestaan en toe het die HERE Self die heerlikste belofte vir Jakob gegee: *...kyk, Ek is met jou, en Ek sal jou bewaar oral waar jy heengaan, en Ek sal jou terugbring in hierdie land; want Ek sal jou nie verlaat nie, totdat Ek gedoen het wat Ek jou gesê het* (28:15).

Hier in Genesis 32 sien ons dat die HERE 'n waarmaker van sy Woord is: Die engele van God ontmoet Jakob. Ons kan maar sê: Die engele beweeg teen die Jakobsleer af en nou sien Jakob hulle nie maar in 'n droom nie, maar in die werklikheid.

In hierdie engeleleërs moes Jakob 'n versekering van God se kant sien, 'n vervulling van God se belofte sien: *...kyk, Ek is met jou, en Ek sal jou bewaar oral waar jy heengaan, en Ek sal jou terugbring in hierdie land*. Daar staan immers: *die engele van God*. Dit is dus sy

soldate wat Hy ter beskerming van sy kerk stuur. Jakob erken dit ook: *Dit is 'n leër van God.* Agter die leërs sien hy God staan.

Teenoor die leër van Esau plaas God sy leërs: teenoor die leër van die slangesaad die leër van die vrouesaad. Dit moes vir Jakob 'n rusgewende gedagte gewees het: Op sy gevaarlike terugtog na Kanaän gaan die kerk nie alleen nie, maar word dit begelei deur God se engeleskaar. Die HERE van die leërskare is met Hom, met sy leërskare. 'n Mooi, n troosryke naam: die HERE van die leërskare. Hoekom dit in nuwe vertalings in Afrikaans wegvertaal word, weet ek nie.

In die lig van Psalm 34 mag ons weet: Ons Here Jesus Christus self is die Aanvoerder van hierdie Godsleërs. Want in Psalm 34 vers 8 lees ons: "Die Engel van die HERE trek 'n laer rondom die wat Hom vrees, en red hulle uit". Hy omring sy volk met sy leër van engele. Die Engel van die HERE in Psalm 34 is niemand anders as ons Heiland self nie. Reeds onder die Ou Verbond was Hy die Een wat sy kerk beskerm en bewaar het.

Na aanleiding van hierdie gebeurtenis het Jakob die plek *Mahanáim* genoem. Letterlik beteken dit: *twee laers*. Daaruit kan ons aflei dat Jakob twee laers van engele te siene gekry het. Die naam is bedoel as 'n blywende herinnering vir die kerk van alle eeue:

*"Die HEER sal in gevaar  
Sy leërs om ons skaar,  
oneindig in getal"* (Ps.46:6, berymd).

Maar nou neem ek u na 'n tweede konfrontasie tussen Jakob en Esau in die Bybel:

## 2.2. Jesus Christus, die engele en Esau

U moet weet: Ons Here Jesus Christus is dié groot Jakobssaad. Ja, want Hy is die saad wat aan Jakob belowe is, daardie saad in wie al die geslagte van die aarde geseën sal word.

Maar juis wanneer ons Here Jesus gebore word, dan is ook Esau daar. Kom ek sê wat ek bedoel: Herodes die Grote was in daardie tyd koning. Hy was 'n nasaat van Esau. In hom staan Esau dus voor Christus, Esau voor die Jakobsaad.

En u ken daardie vreeslike geskiedenis van die kindermoord van Betlehem. Daar sien ons hoe die Esauskind, Herodes, sy hand uitsteek om die Christuskind, die Jakobskind, om te bring.

Maar dit gebeur nie, want...*'n engel* verskyn op die toneel. 'n Engel van die Here verskyn in 'n droom aan Josef en sê: *Staan op, neem die Kindjie en sy moeder en vlug na Egipte, en bly daar totdat ek jou sê; want Herodes gaan die Kindjie soek om Hom dood te maak.*

'n Engel kom tussenbeide, want Jesus se werk is nog nie gedoen nie. Hy kan nie nou al sterf nie.

Maar nog is dit nie die einde van die stryd Jakob-Esau in die lewe van Jesus nie. Wanneer Jesus gevange geneem word, word Hy van Pilatus na ..... Herodes gestuur.

En dan, dan is daar geen engel wat ingryp. God se legioene staan terug. Jesus *self* wil nie hê dat hulle tussenbeide moet tree nie.

Reeds vroeër, daar in Getsemané, toe Petrus Jesus met die swaard wou beskerm, het Jesus verklaar: .... *dink jy dat Ek nie nou my Vader kan bid en Hy vir My meer as twaalf legioene van engele beskikbaar sal stel nie?* (Mt 26:53)

Nee, Jesus wil dit nie, ook nie in die uur van sy verhoor deur Pilatus en Herodes nie. Nou moet Herodes en Pilatus hulle gang gaan. Die leër van Herodes-Esau word op Jakob-Jesus losgelaat. En nou is daar geen engeleleërs wat die aanval stuit nie. Herodes-Esau kry 'n vrye hand. Esau word losgelaat op die Jakobsaad, op die Christuskind. Dit is Esau se uur van triomf. So lyk dit in elk geval. Maar Herodes-Esau se oomblik van oorwinning word die uur van sy grootste nederlaag.

Want in Handeling 4 werp Petrus Goddelike lig op hierdie gebeurtenis. Dan sê hy: ".... waarlik, *Herodes* en Pontius Pilatus het saam met heidene en die volke van Israel vergader teen u heilige Kind Jesus wat U gesalf het, *om alles te doen wat u hand en u raad vooruit bepaal het om plaas te vind*" (Hand.4:27-28).

Herodes was 'n skyn-oorwinnaar. In sy eie oë was hy triomfeerder. In die oë van God was hy slegs instrument, dienskneg, om God se raad, om God se verlossingsplan uit te voer. Want Jesus moes sterf. Hy moes sterf ter wille van Jakob-Israel, ter wille van sy kerk. Hy moes die dood in. Maar met sy sterwe dien die Seun van God Satan en sy trawante, sy Esau's, die nekslag toe te dien tot heil en verlossing van sy Jakobskerk.

Ons kom by die derde:

### 2.3. Die Nuwe Testamentiese kerk, die engele en Esau

In Handeling 12 vind daar 'n besondere konfrontasie plaas. Dit is 'n oorlog wat ons eweneens kan beskryf as 'n stryd tussen Jakob en Esau. *Aan die een kant* is daar die *NUWE TESTAMENTIESE KERK*; dit is die Nuwe Testamentiese Israel, die geestelike nasate van Jakob.

*Aan die ander kant* is daar **HERODES AGRIPPA**, 'n kleinkind van Herodes die Grote, die kindermoordenaar van Betlehem. Hy was dus ook 'n nasaat van Esau.

Handelinge 12 vertel hoe daar weer vervolgings teen die gemeente losgebreek het. Daarvoor was hierdie Herodes Agrippa, nuwe koning oor die grondgebied van Ou Israel, verantwoordelik. Hy was 'n regte aartjie na sy vaartjie: ewe vyandig teen Christus en sy Koninkryk as Herodes die Grote. Om die guns van die Jode te win, het Agrippa begin om die gemeente te vervolg. Waarskynlik het hy van hulle gegésel en in die gevangenis gewerp. Ook het hy Jakobus, die broer van Johannes, met die swaard omgebring. Toe hy sien dat dit in die smaak van die Jode val, het hy verder ook Petrus in die tronk laat sit. Na die Paasfees sou Herodes om verhoor en waarskynlik ook tereggestel het.

Natuurlik was die gemeente hartseer en verslae. Wat moes hulle, wat kon hulle doen? Moes hulle miskien met swaarde en spiese uittrek om Petrus te bevry? Ag nee, hulle het geen kans gehad teen die Romeinse wagte nie. Tog het hulle 'n wapen gehad, 'n wapen veel en veel sterker as die gebalde hande, as die gebalde vuus: die wapen van die gevoude hande! **Die gebed!** Want - *daar het 'n aanhoudende gebed tot God deur die gemeente vir Petrus opgegaan* (vers5).

En dan gebeur daar iets besonders: **die engele van God kom in aksie**: Twee maal hoor ons van 'n engel, van die handelinge van die verhoogde Here Jesus deur sy engele ter wille van sy kerk en teen Esau:

1. Eerstens hoor ons: Die Here verhoor die gebed van die kerk: Hy het 'n **ENGEL** gestuur om Petrus te **VERLOS** (vers 7 tot 12).
2. Maar daarby eindig dit nie. Die Here stuur nog 'n tweede **ENGEL** om Herodes-Esau te **VERDERF** (v.23):

Lukas vertel dat Herodes, na die bevryding van Petrus, na Casarea gegaan het. Waarskynlik wou hy toe, om een of ander rede, oorlog maak teen Tirus en Sidon. Dit was twee vername handelstede aan die Middellandse See. Maar die manne van Tirus en Sidon was nie soldate nie. Hulle was handelaars. Hulle wou nie oorlog hê nie. Boonop was hulle baie afhanklik van Judea vir hulle koring. Daarom het hulle Herodes se hofdienaar, Blastus, omgekoop om die koning te laat afsien van sy planne. Dit het inderdaad geslaag.

'n Tyd daarna het afgevaardigdes van Tirus en Sidon na Herodes gekom met geskenke om hom te bedank. By dié geleentheid het die koning opgestaan en 'n toespraak gehou. Toe hy klaar was, het die entousiastiese skare uitgeroep : **'n Stem van 'n god en nie van 'n mens nie**

(vers 22). Uit die vervolg kan ons tereg aflei dat Herodes hom die goddelike hulde laat welgeval het.

Maar opeens het hy inmekaar gekrimp van pyn. Wat het gebeur? Net soos Petrus in die gevangenis is hy deur 'n engel *aangeraak*. In die Grieks staan in vers 7 ( “aanraak” ) en in vers 23 ( “tref” ) presies dieselfde woord: *aangeraak*. Tog was daar 'n geweldige verskil:

- By Petrus was die *aanraking* tot verlossing.
- In die geval van Herodes was dit ‘n *aanraking* tot verderf.
  
- In die een geval was die aanraking *heilsaam*.
- In die ander geval het dit *onheil* beteken. Die geneesheer Lukas, die skrywer van Handeling, meld dat wurms die koning lewendig verteer het.

### 3. Slot

Die boek Handeling – dit is die boek van die handeling van Koning Jesus, die handeling Aanvoerder van die engele van God. Hy was nie net in Genesis met sy leërs besig om sy kerk te bewaar nie. Ook in Handeling sien ons Hom op hierdie manier handel. En so handel Hy vandag nog met sy kerk.

Die kerk se voortbestaan en die tog van God se volk na die ewige Kanaän is gewaarborg deur die Koning self.

*"Gods sterke Engel wil  
'n laer van beskutting wees  
óm almal wat die HERE vrees.  
Hy maak hul onrus stil.  
Ervaar dan en aanskou  
hoe waaksaam God is en hoe goed.  
Hoe salig is 't in my gemoed  
as ek op Hom vertrou!"*. (Ps.34:4; berymd)

- Die HERE se openbaring in Genesis 32 – die leërs kare van engele - berei Jakob voor vir sy ontmoeting met Esau.
- Die HERE se openbaring – die sien van die werk van die engele - berei ons voor en rus ons toe as kerk ook vandag vir die tog na die Nuwe Jerusalem en vir die stryd onderweg. AMEN